## KRUIETUIN… - PRAATPAPIER

***Vooraf wenke:***

- *Sit in 'n kring of rondom 'n tafel*
- *Hou dit gemaklik en eenvoudig*

**KOM SAAM**

- ✓ Het jy/ iemand in jou gesin/familie/vriendekring "groen" vingers i.t.v. tuinmaak?
- ✓ Leef jou/julle Checkers plantjies nog?

**LEES SAAM -** Teksgedeelte Markus 2:1 – 12, 1 Korinthiërs 3: 4 - 9

- Lees die gedeelte. Wat tref jou? Watter emosies bring die gedeelte in jou op? Watter vrae?
- Kyk ook die snit Kruietuin op DVD (as hy beskikbaar is). Wat sien jy raak? Wat tref jou?

**PRAAT SAAM**

- ❖ As jy deur 'n moeilike tyd gaan OF jy het 'n fout begaan met wie gesels jy gewoonlik? Wie staan jou by/troos/help jou/aanvaar jou/ondersteun jou in sulke tye as jy "swak" is of voel?
- ❖ Wanneer is die tye in 'n mens se lewe, wanneer jy graag sal weet daar is 'n geloofsfamilie in jou lewe wat jou help/vir jou bid/sal troos/sal aanvaar? Was daar al sulke tye in jou lewe?
- ❖ In daardie tyd het die mense geglo dat "sonde" die oorsaak is van baie kwale – blindheid, lamheid, doofstomheid, melaatsheid. Ons weet egter vandag anders, maar in die konteks van daardie tyd is dit baiekeer gesien as "straf". Daarom dat Jesus vir die man sê: "Jou sondes is vergewe". As die man dan in daardie tyd as "sondig" gesien is deur 'n groot deel van die gemeenskap – wat wys dit oor die vriende in die verhaal se houding teenoor hulle vriend? **Hulle het hulle vriend aanvaar en ondersteun ten spite van sy toestand en hulle wou hom help – selfs al kos dit watookal!**
- ❖ Wie dink jy/julle is die "hulle" in vers 5? ***Die "hulle" is die ou se VRIENDE! – Jesus se genesing kom nie deur die man se geloof nie, maar deur sy vriende s'n! Wat wys dit vir ons van die mense wat saam met ons oppad is?***
- ❖ Hoe ver gaan die ouens om hulle vriend by Jesus uit te kry? Wat is alles struikelblokke vir hulle vriend en wat maak hulle om die struikelblokke te oorkom? **Die eerste struikelblok is die ou kan nie self loop nie - hy is op 'n draagbaar en VIER ouens het hom gedra – dit is effort! Hulle kon seker maar iemand gestuur het om vir Jesus te roep soos so baie ander mense gedoen het (soos met Jairus se dogtertjie bv.)? Tog DRA hulle hulle vriend NA Jesus toe!**

  **Dan is daar 'n klomp mense wat keer dat hulle by Jesus kom. Hulle kon seker maar omgedraai het en later weer probeer het want dit was net te "onmoontlik" op daardie oomblik om tot by Jesus te kom – TOG doen hulle dit nie…hulle maak 'n ander plan. Hulle klim op die huis se dak en dan BREEK hulle 'n ANDER OU se huis se dak en sak hom af tot voor Jesus! WIE DOEN DIT? DIT IS WARE VOORBEELD VAN 'N KRUIETUIN!**
- ❖ Was hierdie vriende saam met die man bly oor wat gebeur het? Wat dink jy sou hulle vier?
- ❖ Hoe "link" die verhaal aan by Paulus se brief aan die Korinthiërs? Dink julle hierdie twisgesprekke wat die Korinthiërs gehad het is nog deel van "kerkwees"/"familiewees" vandag? Hoe?
- ❖ Wat wil Paulus, hierdie verhaal van die verlamde man EN die video vandag vir ons leer? Gee hierdie waardes bietjie "name".
- ❖ Is hierdie waardes goed wat tans in jou vriendekring, familie, by die kerk is? Dink aan voorbeelde daarvan en deel dit bietjie met mekaar.
- ❖ Tot waar sal jy gaan vir iemand wat saam met jou deur God se krag in die geloof groei – jou man/vrou/kind/ers/vriend/e/groepleier/kerkraadslid/dominee/mede gemeentelid/medemens? Is jy bereid om nat te gooi, te spit, 'n dak te breek?
- ❖ Hoe kan jy/julle help om hierdie "Kruietuin"-waardes te begin vestig in jou groepie by die kerk, by jou familie EN jou vriendekring?

**BID SAAM:**

- ➢ Bid dat die Here julle as groep/kring/familie/gesin sal help om DAKBREKERS en MEDEWERKERS te wees vir mekaar en julle GOD se GROEI raaksien en VIER in mekaar se lewens!

**LEEF SAAM**

- o Besluit om iewers die week 'n kruietuin te begin, maar ALMAL moet help/"MEDEWERK"!